Sanlam

# Central Provident Fund

Maart 2019

## Verstek-beleggingstrategie

Die Central Provident Fund bied ’n verskeidenheid beleggingsportefeuljes om vir die behoeftes en risikoprofiele van individuele lede voorsiening te maak. By aansoek kan lede uit tot 10 beleggingsportefeuljes kies, met die hulp van ’n tussenganger wat deur die werkgewer aangestel is. Indien ’n nuwe lid nie enige van hierdie beleggingsportefeuljes kies nie, sal die lid se premies outomaties in die Sanlam Moderate Absolute Fund belê word, wat die verstek-beleggingsportefeulje is wat deur die Raad van Trustees ooreenkomstig Regulasie 37 van die Pensioenfondswet aanvaar is.

Elke lid dra al die risiko's wat met die betrokke lid se beleggingskeuses gepaardgaan. Die Raad van Trustees kan nie vir enige beleggingsverliese verantwoordelik gehou word nie – ook nie vir verlies wat uit deelname aan die verstek-beleggingsportefeulje ontstaan nie. Lede kan ook enige tyd besluit om uit die verstek-beleggingsportefeulje te beweeg.

## Belangrike aspekte van die Sanlam Moderate Absolute Fund

- Dit is ’n fonds wat aktief bestuur word met ’n primêre doelwit om ’n positiewe opbrengs oor enige 12-maandetydperk te behaal.
- Die fondsbestuurder streef bruto opbrengste van VPI+5% oor enige 36-60 maande tydperk na.
- Die fonds behoort minder onbestendig te wees as ’n tipiese gebalanseerde fonds, as gevolg van die laer blootstelling aan aandele.
- Die fondsbestuurder het ’n mandaat om bates aan verskillende bateklasse toe te ken wat in Suid-Afrika en oorsee beskikbaar is. Dit sluit kontant, effekte, genoteerde aandele, genoteerde eiendom en afgeleide instrumente in, onderhewig aan regulatoriese perke.
- Die fondsbestuursfooi wat vir maatstafprestasie gehef word, is 0.3% per jaar en die totale beleggingskoste (TBK) se gemiddelde oor die 3-jaartydperk tot 30 September 2018 was 0.40%.
- Die fondsbestuurder deel in die beter en swakker prestasie van die portefeulje met betrekking tot sy maatstaf, tot ’n maksimum van 0.2%.

Aangesien bogenoemde spesifikasies van tyd tot tyd kan verander, is volledige inligting soos huidige aandeelhoudings en beleggingsprestasie van die Sanlam Moderate Absolute Fund op die jongste fondsfeiteblad op Sanlam se webwerf of by die Kliëntesorgsentrum verkrygbaar. Die inligting oor die verstek-beleggingsportefeulje sal ook in u jaarlikse voordeelstaat verskaf word.

## Implikasies vir bestaande lede

Daar is geen impak op bestaande lede nie. Hulle sal in hul gekose beleggingsportefeulje(s) bly. Hulle het egter die opsie om hul fondswaarde of ’n deel daarvan om te skakel en enige gereelde betalings te kanaliseer na die verstek-beleggingsportefeulje.

Bestaande lede met ’n ou-generasie plan (Die Een Uitkeerpolis vir Voorsorgfondse) sal hul plan in ’n Stratus of Stratus Premier Uitkeerpolis vir Voorsorgfondse moet omskep as hulle toegang wil kry tot die verstek-beleggingsportefeulje.

Indien ’n ou-generasie plan sy vaste uitkeerdatum bereik en ’n lid nie ’n keuse uitoefen oor hoe die voordeel aangewend moet word nie, sal die plan vir ’n onbepaalde tydperk voortgesit word en sal die voordeel in die verstek-beleggingsportefeulje belê word.

Aangesien die verstek-beleggingsportefeulje markverwant is, is daar ’n moontlikheid dat die uitkeerwaarde kan verminder wanneer die markte ’n daling ondervind na die uitkeerdatum.

Dit word aanbeveel dat u by die werkgewerk-aangestelde tussenganger advies inwin as u enige veranderings aan u bestaande plan wil aanbring.

Hierdie dokument is bloot ter inligting. Dit is nie bedoel om enige finansiële, regs- of belastingadvies te verskaf of ’n grondslag vir enige finansiële besluit te wees nie.